



Wes-Kaapse  
Regering

**VIR JOU**



Departement van Plaaslike Regering

**Jaarlikse Prestasieplan**  
2023/24



Wes-Kaapse Regering

**Departement van  
Plaaslike Regering**

---

**Jaarlikse Prestasieplan**

vir  
2023/24



*Mnr AW Bredell*

Terwyl ek hierdie Jaarlikse Prestasieplan ter tafel lê, staan die land nog 'n krisis in die gesig. Voortdurende beurtkrag is oor die afgelope paar maande met verlamme gevolge ervaar. Etlike ure se beurtkrag daagliks raak die ekonomie negatief en ontwig terselfdertyd inwoners se lewens. Munisipaliteite is nie gespaar nie; die situasie is meer geneig om hul inkomste en kontantvloei te beïnvloed aangesien dit gedeeltelik van elektrisiteitsverkope afhanklik is. Langdurige beurtkrag vir basiese munisipale dienste soos sanitasie en water is uiters kommerwekkend aangesien hul onderskeie infrastruktuurinstallasies van elektrisiteit afhanklik is. Nieteenstaande die ontwigterende uitwerking van beurtkrag, monitor die Departement damvlakke en ander waterbronne noukeurig aangesien duidelike aanduidings van agteruitgang waargeneem word.

Geskets teen hierdie agtergrond en soos ons die klem verskuif ná die 2021 plaaslike regeringsverkiesings om bestuurstrukture op te stel om hoop te skep deur 'n volhoubare plaaslike regering en versnelde dienslewering, word my Departement se prioriteite vir die MTUR 2023 uiteengesit. Dringende verligting van beurtkrag is tans bo-aan die lys asook die gepaardgaande uitdagings rondom water- en afvalbestuur. Eenvoudig gestel sal al ons programme daarop gemik wees om dienslewering te

verbeter om die lewensomstandighede van die burgers van hierdie provinsie te verbeter. Hoe beplan ons om dit te doen:

Om die lewensomstandighede van burgers van hierdie provinsie te verbeter is dit belangrik om toegang tot dienste en inligting te vergemaklik. Dit is ons verantwoordelikheid om begrip te hê vir ons burgers en hul behoeftes sodat ons positief en dringend daarop kan reageer. Om dit te bewerkstellig moet burgers toegelaat word om aktief aan besluite of aksies wat hulle raak, deel te neem. Vir sinvolle deelname, is dit belangrik dat inwoners met kennis oor metodes bemagtig word asook hoe om waarde toe te voeg tot die werksaamhede van die plaaslike regering. Ons sal deur middel van ons Burgerlike Opvoedingsprogram voortgaan om dienslewering te verbeter deur burgerlike betrokkenheid.

Infrastruktuurontwikkeling in munisipaliteite ter versterking van basiese dienslewering: groei en ontwikkeling verhoog die behoefte aan basiese diensleweringe plaas dus druk op bestaande infrastruktuur en beperkte hulpbronne. Belegging in en instandhouding van munisipale infrastruktuur is ongetwyfeld 'n belangrike instaatsteller vir dienslewering, groei en ontwikkeling. 'n Holistiese benadering tot infrastruktuurondersteuning in munisipaliteite wat geïntegreerde beplanning, ontwikkeling en instandhouding as sentrale belang het om infrastruktuurverwante uitdagings aan te spreek, word aangemoedig. 'n Nuwe ontwikkelingsbenadering tot finansiering van infrastruktuur word ondersoek.

Goedbestuurde munisipaliteite deurtoesig, kapasiteitsbou en bestuursvermoë: 'n gebrek aan bestuurstabieleit en doeltreffende toesig en bestuur – beide op politieke en administratiewe vlakke – asook sterk en ondersteunende stelsels en strukture, sal daartoe lei dat munisipaliteite nie in staat sal wees om hul funksie doeltreffend te verrig en hul mandaat na te kom nie. My Departement sal, saam met belangrike rolspelers in die munisipale omgewing, voortgaan om leiding aan munisipaliteite te gee, en om hulle te bemagtig en ondersteun om goeie bestuur vir verbeterde dienslewering te verseker.

Rampbestande gemeenskappe deur bewustheid, verligting, reaksie en herstel: Die Provinsie het die afgelope paar jaar ten minste een ernstige gebeurtenis beleef wat 'n bedreiging vir menselewe was. Dit het, onder meer, gewissel van brande, droogte, tot vloede en oordraagbare siektes. Die Departement se prioriteit is om burgers teen hierdie rampgevaar te beskerm. Voortdurend veranderende omstandighede vereis dat

die Provinsie voortgaan om sy rampbestuurstelsel te verbeter en kundigheid versterk. In reaksie op 'n reeks gevare en risikos ten opsigte van klimaatsveranderinge wat 'n uitwerking op die welstand van inwoners, die ekonomie sowel as infrastruktuurstelsels het, sal daar oor die 2023 mediumtermyn-uitgaweraamwerk klem gelê word op beplanning en ontwikkeling van proaktiewe veerkragtigheidsstrategieë.


Die episentrum van dienslewering is Plaaslike Regering, en is dus 'n belangrike rolspeler wanneer nasionale makro-ekonomiese beleide en praktyke ingestel word. Daar is 'n direkte verband tussen burgers se vertroue in die regering en die regering se pogings om in hul behoeftes te voorsien. Dit sluit hulle betrokkenheid in om prosesse te ontwikkel om voorkeur aan hul behoeftes te gee.



**Mnr AW Bredell**  
**MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING,**  
**OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

31 Maart 2023

## Verklaring deur Rekenpligtige Beampte



*Mnr G Pause*

Terwyl ons by die gevolge van die COVID-19 aanpas, kom ons nou voor die energiekrisis te staan, en ek twyfel nie daaraan dat ons strategieë sal ontwerp en instel om die uitwerking daarvan op gemeenskappe te verlig nie. Deur die geografiese benadering het die Provinsie as 'n kollektief gewerk om burgers in moeilike tye te beskerm. As ons deur dieselfde energie en oortuiging gedryf word, sal ons as kollektief sekerlik weer ons burgers teen die gevolge van beurtkrag beskerm, veral om voortgesette basiese dienste te lewer. Te midde van 'n swak ekonomie is die energiekrisis 'n uitdaging vir die regering om vernuwende, volhoubare en responsiewe modelle vir verbeterde en versnelde dienslewering te ontwikkel. Die privaatsektor, gemeenskappe en dienslewering aan die NROs sal op alle vlakke beskerm en bespoedig word deur vennootskappe met staatsdepartemente te bevorder. Die begroting, beplanning en instelling van belangrike programme in die munisipale ruimte sal steeds op die grondslag van die Gesamentlike Distrik- en Metro-benadering geanker moet word.

Plaaslike regering is die hoeksteen van enige regeringspogings om dienslewering te versnel. Dit

vereis dat alle belangrike belanghebbendes in plaaslike regering moet belê om 'n volhoubare plaaslike regering te verseker. 'n Vereiste hiervoor is goeie bestuur wat in 'n effektiewe, doeltreffende, professionele, verantwoordbare en vernuwende plaaslike regering geanker word. Munisipale raadslede speel 'n belangrike rol om goeie bestuur in munisipaliteite te verseker. Die Departement sal voortgaan om sy deurlopende ondersteuning en kapasiteit te versterk om raadslede met die nodige kennis en vaardighede toe te rus sodat hulle hul toesighoudende verpligtinge kan nakom. Die terugvoering wat van huidige programme ontvang word, sal my span verder aanspoor om steeds in hierdie ruimte te belê.

Die diepgaande impak van beurtkrag op basiese diensverskaffing vereis onmiddellike en dringende aandag. Verskeie inisiatiewe sal deur die Departement onderneem word om sy mandaat om die kapasiteit van munisipaliteite te ondersteun en te versterk na te kom om hulle sodoende te help om die uitwerking van langdurige beurtkrag op basiese dienslewering te bestuur en te verlig. Dit sluit in, onder andere, tegniese adviesdienste, ontwikkeling van reaksiestrategieë, evaluering van belangrike infrastruktuurkomponente en bemiddeling van vennootskappe om volhoubare oplossings te soek.

Die Wes-Kaapse Regering se benadering oor die jare om ramprisiko's te hanteer, het tot een van antisipering ontwikkel, en is daarop gerig om potensiële ramprisiko's te bepaal asook daarop te fokus om maatreëls in te stel om rampe te voorkom en om die ernstigheid daarvan te versag. Ten spyte van hierdie benadering, en gegewe hul aard, sou rampe steeds plaasvind en om hierdie rede is dit nodig dat doeltreffende rampreaksiekapasiteit gehandhaaf en versterk word. Waarnemings, ervarings en lesse geleer uit verskeie rampspoedige situasies wat deur die Rampbestuursentrum bestuur word, sal tot die inligting bydra.

In die huidige ekonomiese konteks, het die Departement, in ooreenstemming met die prioriteite van die Wes-Kaapse Regering, die verantwoordelikheid om die lewenservarings van burgers te verbeter. Die Thusong- en Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogramme het bewys dat doeltreffend is om toegang tot regeringsdienste en inligting te verbeter en die regering meer toeganklik vir mense te maak. Die Departement sal ook voortgaan om verskaffing van basiese dienste te versterk deur die infrastruktuurprogramme wat vir hierdie doel ingestel is, te ondersteun en te kontroleer.

Dienslewering tot voordeel van hierdie Provinsie se inwoners is nie slegs munisipaliteite se verantwoordelikheid nie. Dit is die Nasionale Regering, Provinsiale Regering, die privaatsektor en die burgerlike samelewing se verantwoordelikheid. Deur middel van verskeie platforms vir interregeringsverhoudings sal die Departement voortgaan om inisiatiewe op 'n strategiese en bedryfsvlak te lei deur 'n bemagtigende omgewing vir samewerking te koester ten einde versnelde dienslewering te prioritiseer.



**Mnr G Paulse**  
**DEPARTEMENTSHOOF: DEPARTEMENT VAN**  
**PLAASLIKE REGERING**

31 Maart 2023

## Amptelike aftekening

---

### Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- deur die bestuur van die Departement van Plaaslike Regering onder leiding van mnr AW Bredell ontwikkel is.
- al die relevante beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Plaaslike Regering verantwoordelik is, in ag neem.
- die Uitkomste en Uitsette wat die Departement van Plaaslike Regering sal pook om vir die tydperk 2023/24 te bereik, akkuraat weerspieël.

Mnr A Dlwengu  
Direkteur: Beleid en Strategiese Ondersteuning



Mev B Sewlall-Singh  
Hoof Finansiële Beampte



Me N Zamxaka  
Hoofdirekteur: Geïntegreerde Dienslewering



Me E Barnard  
Hoofdirekteur: Munisipale Prestasiemonitering en Ondersteuning



Mnr C Deiner  
Hoofdirekteur: Rampbestuur en Brandweerdienste



Mnr G Palse  
Rekenpligtige Beampte (Departementshoof)



Goedgekeur deur:

Mnr AW Bredell  
MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING,  
OMGEWINGSKE EN  
ONTWIKKELINGSBEPLANNING





## Lys van Afkortings

---

<b>APDH</b>	Aksieplan vir droogteherstel
<b>BAS</b>	Basiese Rekeningkundige Stelsel
<b>BASB</b>	Benadering vir 'n Algehele Samelewingbenadering
<b>BV</b>	Bepalingsvoorwaardes
<b>DBI</b>	Dienslewering & Begrotingsinstellingsplan
<b>DI</b>	Diensleweringintegrasie
<b>DIP</b>	Diensleweringintegrasie-program
<b>DKF</b>	Distrikkoördineringsforum
<b>DM</b>	Distriksmunisipaliteit
<b>DME</b>	Departement van Monitering en Evaluering.
<b>D:OB</b>	Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur
<b>DOOB</b>	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
<b>DPR</b>	Departement van Plaaslike Regering
<b>DSR</b>	Departement van Samewerkende Regering
<b>DV</b>	Diensvlakooreenkoms
<b>GBI</b>	Gesamentlike Beplanningsinisiatiewe
<b>GDMB</b>	Gesamentlike Distrik- en Metro-benadering
<b>DME</b>	Departement van Monitering en Evaluering.
<b>GOP</b>	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.
<b>GOW</b>	Gemeenskapsontwikkelingswerker
<b>GWP</b>	Gemeenskapswerkerprogram
<b>IKT</b>	Inligting- en Kommunikasietegnologie
<b>INM</b>	In-jaar Monitering
<b>IRB</b>	Inter-regeringbetrekkings
<b>KDS</b>	Korporatiewe Dienssentrum
<b>KOR</b>	Komitee vir Openbare Rekeninge
<b>M&amp;E:</b>	Monitering en Evaluering
<b>MBOV</b>	Munisipale Bestuursoorsig en -vooruitsigte
<b>MEBW</b>	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004)
<b>MIT</b>	Munisipale Infrastruktuurtoelae
<b>MITBI</b>	Munisipale Infrastruktuur Toelae Bestuursinligtingstelsel
<b>MINMAY:</b>	Forum van Provinsiale Minister van Plaaslike Regering en Uitvoerende Burgemeesters
<b>MINMAYTECH:</b>	Forum van die Departementshoof: Plaaslike Regering en Munisipale Bestuurders
<b>MIOA</b>	Munisipale Infrastruktuur Ondersteuningsagentskap
<b>MTUR</b>	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
<b>MTSR</b>	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
<b>MSW</b>	Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet, 32 van 2000)
<b>MVO</b>	Memorandum van ooreenkoms

## Lys van Afkortings

---

<b>NOP</b>	Nasionale Ontwikkelingsplan
<b>NOBW</b>	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)
<b>NRBS</b>	Nasionale Rampbestuursentrum
<b>NROP</b>	Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief
<b>OPBS</b>	Organisatoriese prestasiebestuurstelsel
<b>PBS</b>	Prestasiebestuurstelsel
<b>PEO</b>	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
<b>PKF</b>	Premier se koördineringsforum
<b>PRMUK</b>	Provinsiale Regering Mediumtermyn-uitgawekomitee
<b>PROR</b>	Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
<b>PROS</b>	Plaaslike Regering Omkeerstrategie
<b>PT:</b>	Provinsiale Tesourie
<b>RB</b>	Rekenpligtige Beampte
<b>RKIS</b>	Regeringskommunikasie- en inligtingstelsel.
<b>ROR</b>	Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
<b>SAVPR</b>	Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Regering
<b>SBS</b>	Streeksbestuurspan
<b>SK</b>	Stad Kaapstad
<b>SGMB</b>	Strategiese Geïntegreerde Munisipale Betrokkenheid
<b>TD</b>	Thusong-dienssentrum
<b>TGMB</b>	Tegnies Geïntegreerde Munisipale Betrokkenheid
<b>VIP</b>	Visie-geïnspireerde prioriteit
<b>VvW</b>	Vergoeding van Werknemers
<b>WKR</b>	Wes-Kaapse Regering
<b>WKWRP</b>	Wes-Kaap Geïntegreerde Droogte Water Responsiewe Plan
<b>WMFB</b>	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur
<b>WVI</b>	Wet op Verdeling van Inkomste
<b>WOFB</b>	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 2003

# Inhoud

---

## Deel A: Ons mandaat 11

- 1. Grondwetlike Mandate 12
- 2. Bywerking van die relevante Wetgewende en Beleidsmandate 12
- 3. Bywerkings van Institusionele Beleide en Strategieë 15
- 4. Bywerkings van relevante Hofuitsprake 15

## Deel B: Ons Strategiese Fokus 17

- 5. Visie 18
- 6. Missie 18
- 7. Waardes 18
- 8. Hersiene Situasië-analise 18
  - 8.1 Plaaslike Regeringsomgewing: Eksterne Faktore 16
  - 8.2 Interne Omgewingsanalise 22
  - 8.3 Ooreenstemming met nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsprioriteite 23
  - 8.4 Ooreenstemming met belangrike Provinsiale Beleidsprioriteite 24

## Deel C: Meet Ons Prestasie 29

- 9. Institusionele Prestasie-inligting 32
  - 9.1 Program 1: Administrasie 32
  - 9.2 Program 2: Plaaslike Bestuur 35
  - 9.3 Program 3: Ontwikkeling en Beplanning 51
  - 9.4 Program 4: Tradisionele Institusionele Bestuur 62
- 10. Bygewerkte belangrike risiko's en versagtings 64
- 11. Openbare Entiteite 66
- 12. Infrastruktuurprojekte 66
- 13. Openbare Private Vennootskappe 66

## Deel D: Tegniëse Beskrywing van Aanwyser 67

- Program 1: Administrasie 71
- Program 2: Plaaslike Bestuur 72
- Program 3: Ontwikkeling en Beplanning 118

## Bylae 147



Deel A

**Ons Mandaat**

# Ons Mandaat

## 1. Grondwetlike Mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) voorsien die nasionale oorkoepelende raamwerk vir alle aktiwiteite van staatsdepartemente in Suid-Afrika. Hoofstuk 7 skets die doelwitte en mandate ten opsigte van plaaslike regering. Die volgende mandate vir die Departement van Plaaslike Regering kan hieruit onttrek word:

- Om munisipaliteite in ooreenstemming met nasionale wetgewing te vestig.
- Om munisipaliteite se kapasiteit te ondersteun en te versterk.
- Om munisipaliteite se prestasie te reguleer in terme van hul funksies soos in Bylaes 4 en 5 van die Grondwet gelys.
- Om in te gryp vir nie-nakoming van wetgewende, uitvoerende of finansiële verpligtinge; en
- Om ontwikkelende plaaslike regering te bevorder..

## 2. Bywerking van die relevante Wetgewende en Beleidsmandate

2.1 Die Witskrif oor Plaaslike Regering (1998) en die daaropvolgende pakket van verwante wetgewing (hieronder uiteengesit) verskaf die nasionale konteks vir plaaslike bestuur regoor die land.

	Wetgewing	Mandaat
A	<b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998)</b>	Hierdie Wet maak voorsiening vir <ul style="list-style-type: none"> <li>• die kriteria en prosedures om munisipale grense deur 'n onafhanklike owerheid te bepaal.</li> </ul>
B	<b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998)</b>	Hierdie wet maak voorsiening vir <ul style="list-style-type: none"> <li>• die stigting van munisipaliteite in ooreenstemming met vereistes met betrekking tot die kategorieë en soorte munisipaliteite;</li> <li>• die daarstelling van kriteria vir die bepaling van die kategorie munisipaliteit wat in die gebied gevestig moet word;</li> <li>• 'n definisie van die soort munisipaliteit wat in elke kategorie gevestig mag word;</li> <li>• 'n toepaslike verdeling van funksies en bevoegdhede tussen kategorieë van munisipaliteite; en</li> <li>• bestuur van die interne stelsels, strukture en ampsdraers van munisipaliteite.</li> </ul>

	Wetgewing	Mandaat
C	<p><b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)</b></p>	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• belangrike beginsels, stelsels en onderhandelinge wat nodig is om munisipaliteite te bemagtig om sosiale en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe progressief te bevorder;</li> <li>• versekering van universele toegang tot noodsaaklike dienste wat vir almal bekostigbaar is;</li> <li>• die omskrywing van die regsraad van 'n munisipaliteit, insluitend die plaaslike gemeenskap in die munisipale gebied;</li> <li>• munisipale bevoegdhede en funksies;</li> <li>• gemeenskapsdeelname;</li> <li>• die daarstelling van 'n bemagtigende raamwerk vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering;</li> <li>• 'n raamwerk vir plaaslike openbare administrasie en menslike hulpbronontwikkeling;</li> <li>• bemagtiging van armes, om te verseker dat munisipaliteite dienstariewe en kredietbeheerbeleide daar stel wat hul behoeftes in ag neem;</li> <li>• ondersoeke met betrekking tot bewerings van bedrog, wanadministrasie, korrupsie en/of versuim om statutêre verpligtinge op munisipale vlak na te kom.</li> </ul>
D	<p><b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) (WMFB)</b></p>	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• versekering van gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite en ander instellings in die plaaslike regeringsfeer;</li> <li>• bepaling van tesourie-norme en -standaarde vir die plaaslike regeringsfeer.</li> </ul>
E	<p><b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) soos gewysig deur die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 (Wet No. 29 van 2014)</b></p>	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• versekering van gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite;</li> <li>• norme en standaarde waarteen die finansiële sake gemonitor en gemeet kan word;</li> <li>• regulering van die bevoegdheid van 'n munisipaliteit om belasting op 'n eiendom op te lê;</li> <li>• om sekere eiendomme te onthef van gradering, om voorsiening te maak vir munisipaliteite om 'n deursigtige en regverdige stelsel van vrystellings te instel;</li> <li>• die instelling van 'n korting deur graderingsbeleide;</li> <li>• billike en gelykwaardige waardasiemetodes van eiendomme en vir 'n 'beswaar en appèl'-proses;</li> </ul> <p>Die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 wat op 1 Julie 2015 in werking getree het;</p> <p>Die verskillende wysigings, invoegings en skrappings ten einde behoorlike verslagdoening, voldoening en instelling van die prosesse en prosedures met betrekking tot die Wet te bevorder.</p>

A

## Ons Mandaat

	Wetgewing	Mandaat
F	<b>Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)</b>	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• integrasie en koördinerings van die rampbestuurbeleid, wat fokus op die voorkoming of vermindering van ramprisiko's wat die ernstigheidsgraad van rampe versag;</li> <li>• noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en herstel na rampe;</li> <li>• vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums;</li> <li>• vrywilligers vir rampbestuur;</li> <li>• aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
G	<b>Wysigingswet op Rampbestuur, 2015 (Wet 16 van 2015)</b>	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• verduideliking van die beleidsfokus op rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrums;</li> <li>• die opstelling van die funksies van die Nasionale Rampbestuur-adviesforum om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering in te sluit;</li> <li>• die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige ander staatsliggaam om rampbestuurstrukture by te staan;</li> <li>• verbetering van verslagdoeningstelsels van ramprisiko's om die land se vermoë om potensiële rampe te bestuur, te verbeter.</li> </ul>
H	<b>Wet op die Raamwerk vir Inter-regering-betrekkinge, 2005 (Wet 13 van 2005)</b>	<p>Die doel van hierdie Wet is om</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n raamwerk vir nasionale regering, provinsiale regerings en munisipaliteite te skep om inter-regeringbetrekkinge te bevorder en te bemiddel;</li> <li>• meganismes en prosedures te verskaf om die oplossing van interregeringsgeskille te bemiddel.</li> </ul>
I	<b>Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013)</b>	<p>Hierdie Wet</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• maak voorsiening vir 'n raamwerk vir ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur in die republiek;</li> <li>• bepaal die verhouding tussen ruimtelike beplanning en die grondgebruikbestuurstelsel en ander soorte beplanning;</li> <li>• maak voorsiening vir inklusiewe, ontwikkelende, billike en doeltreffende ruimtelike beplanning in die verskillende sferes van die regering;</li> <li>• voorsien 'n raamwerk vir bestuur, koördinerings en hersiening van die ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuurstelsel;</li> <li>• voorsien 'n raamwerk vir beleide, beginsels, norme en standaarde vir ruimtelike ontwikkelingsbeplanning en bestuur van grondgebruik;</li> <li>• spreek vorige ruimtelike en regulatoriese wanbalanse aan;</li> <li>• bevorder groter konsekwenheid en eenvormigheid in die aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede verantwoordelik vir grondgebruikbesluite en ontwikkelingsaansoeke;</li> <li>• maak voorsiening vir die instelling, funksies en werksaamhede van Munisipale Beplanningstribunale;</li> <li>• is die riglyn vir die bemiddeling en afdwinging van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls.</li> </ul>



## Ons Mandaat

---

### 3. Bywerkings van Institusionele Beleide en Strategieë

Plaaslike regering se taak word ook deur die volgende beleidsmandate geraak:

- Instelling van die Gesamentlike Distriks- en Metro-benadering;
- Nasionale Ontwikkelingsplan (Visie 2030);
- Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsplan, 2030;
- Wes-Kaap: Visie-geïnspireerde prioriteite;
- Wes-Kaapse Rampbestuursraamwerk, 2010;
- Batho Pele-beginsels;
- Beleidsraamwerk vir regeringswye monitering en evalueringstelsel, 2007;
- Suid-Afrikaanse Statistiese Gehalteversekeringsraamwerk, 2007;
- Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief, 2002;
- Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2014;
- Nasionale Rampbestuursraamwerk, 2005;
- Wes-Kaapse Herstelplan, 2021; en
- Wes-Kaapse Ontwikkeling vir Werk Strategie 2023

### 4. Bywerkings van relevante Hofuitsprake

4.1 N.V.T.

## Ons Mandaat

---

A

Deel B

# Ons Strategiese Fokus

## Ons Strategiese Fokus

### 5. Visie

'n Doeltreffende en dinamiese span wat goedbestuurde munisipaliteite bemagtig om dienste aan gemeenskappe op 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde wyse te lewer.

### 6. Missie

Om munisipaliteite te monitor, koördineer en ondersteun om nakoming van hul ontwikkelingsmandate doeltreffend uit te voer en om dienslewering en rampveerkragtigheid te bemiddel deur skakeling met regeringsfere en maatskaplike vennote.

### 7. Waardes

Die Departement se waardes is dieselfde as die ses provinsiale waardes, nl.

- Sorg;
- Bevoegdheid;
- Aanspreeklikheid;
- Integriteit;
- Responsiwiteit;
- Vernuwing..

### 8. Hersiene Situasië-analise

#### 8.1 Plaaslike Regeringsomgewing: Eksterne Faktore

Om die grootte en struktuur van die bevolking te verstaan hou belangrike gevolge in vir die beplanning van staatsdienslewering.<sup>1</sup> Die halfjaarbevolkingsberamings vir 2022 dui aan dat die bevolking van die Provinsie op 7 212 412 miljoen geraam word wat, in vergelyking met 2021, 1,4% ontwikkeling aandui. In 2021 is die nasionale lewensverwagting by geboorte 60 jaar vir mans en 65,6 jaar vir vroue. Alhoewel dit 'n daling van die lewensverwagting by geboorte in 2020 is, wat toe op 62,4 jaar vir mans en op 68,4 jaar vir vroue geraam is, is dit 'n effense verbetering in vergelyking met 2021 se beramings. Dit word gekoppel aan 'n afname van sowat 5% in sterftes. Die provinsiale syfers verskil effens van die nasionale syfers, waar die lewensverwagting vir mans op 66,3 jaar en 71,7 jaar vir vroue beraam word.

Die Wes-Kaap en die Gauteng Provinsie sal na raming vir die tydperk tussen 2021 en 2026 die grootste invloed van mense ervaar – ongeveer 460 489 en 1 443 978 onderskeidelik



#### Staatkundige faktore

Die 2021 Plaaslike Regeringsverkiesings het tot die verkiesing van nuwe raadslede gelei. Dit het 'n toename in die aantal munisipaliteite wat deur koalisië bestuur word tot gevolg gehad. Alhoewel veranderinge in politieke leierskap die strategiese rigting kan verander, behoort dit nie die doeltreffende funksionering van 'n munisipaliteit te beïnvloed nie. Dit dui op die belangrikheid vir raadslede om aan deurlopende opleiding blootgestel te word en ondersteuning te ontvang om te verseker dat hulle in staat is om hul verantwoordelikhede doeltreffend uit te voer. Dit is die Departement se verantwoordelikheid om 'n egalige oorgang in plaaslike regering te ondersteun. Die ondersteuningspakket vir die handhawing van goeie bestuur in munisipaliteite sal die volgende insluit:

- Bevoegdheid en opleiding van nuwe raadslede
- Verkryging van akademiese kwalifikasies deur raadslede
- Evaluering van die aanstelling van senior bestuurders in munisipaliteite
- Deurlopende advies en ondersteuning met wetlike en ander voorskrifte gedurende die oorgangstydperk
- Hantering van algemene verontagsaming van statutêre voorskrifte wat dalk aan veranderinge in die politieke omgewing gekoppel kan word.



#### Ekonomiese faktore

'n Aantal gebeure wêreldwyd asook in ons land oor die afgelope twee tot drie jaar het 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie. Die ekonomiese ontberinge as gevolg van die pandemie In 2020 en 2021 het beduidende uitdagings vir munisipaliteite ingehou met die insameling van tariewe van finansiëel-gestremde belastingbetalers. Dit het tot 'n aansienlike inkomsteverlies vir verskeie munisipaliteite gelei terwyl hulle bykomende verantwoordelikhede moet hanteer. Die stygende inflasie en rentekoerse aan die einde van 2021/begin 2022 plaas verder druk op inwoners se vermoë om vir munisipale dienste te betaal. Gepaardgande hiermee is die stygende kommoditeitspryse gekoppel aan die Oekraïne-inval. Die belangrikste struikelblok vir groter ekonomiese ontwikkeling is die ernstige gebrek aan betroubare elektrisiteitsvoorsiening oor

<sup>1</sup> Statistieke Suid-Afrika, Statistiese vrystelling P032, Middeljaarbevolkingsberamings 2022, Julie 2022.

## Ons Strategiese Fokus

die afgelope paar maande en wat na verwagting sal voortduur.

Munisipale dienste is nie net die kwesbaarste as gevolg van die gevolge van beurtkrag nie, want kritieke infrastruktuurinstallasies is afhanklik van energie, maar ook die realiteit van inwoners wat van die netwerk af gaan. Hierdie neiging bring 'n vermindering van betaling van elektrisiteitsrekeninge mee wat die inkomstestroom van 'n munisipaliteit beïnvloed.

'n Langdurige kragonderbreking bied 'n geleentheid vir diefstal en verdere skade aan die reeds oorspanne elektriese infrastruktuur, wat 'n verdere vertraging in kragvoorsiening veroorsaak. Ontleders meen ook dat die beraamde ekonomiese verlies as gevolg van beurtkrag kan lei tot die skepping van minder werksgeleenthede of selfs verlies van werksgeleenthede.

Die huidige finansieringsmodel beteken dat munisipaliteite se afhanklikheid van die invordering van plaaslike en algemene belastings onvolhoubaar is wanneer die inwoners nie in staat is om te betaal nie, en wanneer die munisipaliteit nie in staat is om sy koste te beheer nie, is chroniese finansiële onlewensvatbaarheid die gevolg.

Gegewe munisipaliteite se huidige finansiële druk, wat ook vererger word deur bykomende uitgawes om energieoplossings te vind, is dit waarskynlik dat sommige munisipaliteite hulself in 'n situasie kan bevind waar hulle nie in staat is om hul kredietrekeninge in stand te hou nie.

Belegging in instandhouding en vervanging van infrastruktuur is ongetwyfeld belangrik vir ekonomiese herstel en moet voorkeur kry in munisipale

langtermyn-ontwikkeling en finansiële beplanning. Sulke beleggings sal 'n magdom uitdagings aanspreek, soos infrastruktuuronderbrekings gekoppel aan verouderende infrastruktuur en sal 'n adhoc-benadering tot infrastruktuuropgraderings vermy, terwyl dienste aan sakeondernemings en huishoudings verskaf word en ekonomiese ontwikkeling ondersteun word.

Die Departement sal, in ooreenstemming met die provinsiale prioriteit van Bevordering van Werksgeleenthede, met belangrike belanghebbendes saamwerk. Dit sal ondersteuning aan die privaatsektor en munisipaliteite insluit met die oog op volhoubare infrastruktuurontwikkeling en instandhouding vir verbeterde dienslewering en ekonomiese ontwikkeling. Sommige van die projekte sal insluit:

- Voortsetting om die Waterweerbaarheidsprogram in te stel;
- Ontwikkeling van die 15-jaar Wes-Kaapse Geïntegreerde Droogte Water Responsiewe Plan (WKGDWRP) om waterbestandheid in die Provinsie te verseker.
- Koördineer en bemiddel instelling van die Munisipale Energieveerkragtigheidsstrategieë.
- Verkenning van nuwe finansieringsmeganismes vir infrastruktuur in vennootskap met skenkerfinansieringsinstellings.
- Monitor die instelling van infrastruktuurtoelaag-befondsde programme en lewer inset in beleidshervormings.
- Verskaf tegniese adviesdienste en bystand aan munisipaliteite.
- Verbetering van geïntegreerde en gekoördineerde munisipale infrastruktuurbeplanning
- 'n Gesprek oor die heroorweging van 'n nuwe finansiële model vir munisipale lewensvatbaarheid bly 'n prioriteit.



### Sosiale Faktore

Bron: Stats SA Kwartaallike Arbeidsmagopname.

Amptelike werkloosheidsyfer volgens provinsie					
	Junie - Sep 2021	Apr - Jun 2022	Jul - Sep 2022	Kwartaal-na-kwartaal verander	Jaar-tot-jaar verandering
	Persentasie			Persentasiepunte	
Suid-Afrika	34,9	33,9	32,9	-1,0	-2,0
Wes-Kaap	26,3	27,5	24,5	-3,0	-1,8

## Ons Strategiese Fokus

Amptelike werkloosheidsyfer volgens provinsie					
	Junie - Sep 2021	Apr - Jun 2022	Jul - Sep 2022	Kwartaal- na-kwartaal verander	Jaar-tot-jaar verandering
	Persentasie			Persentasiepunte	
Oos-Kaap	47,4	42,8	42,4	-0,4	-5,0
Noord-Kaap	24,9	23,7	26,4	2,7	1,5
Vrystaat	38,1	32,4	33,8	1,4	-4,3
KwaZulu-Natal	28,7	32,7	30,6	-2,1	1,9
Noordwes	35,7	32,2	39,0	6,8	3,3
Gauteng	37,0	34,4	33,7	-0,7	-3,3
Mpumalanga	37,5	36,1	35,1	-1,0	-2,4
Limpopo	32,5	36,3	31,0	-5,3	-1,5

Die COVID-19-pandemie het 'n ernstige uitwerking op die werkskeppingspogings in die land en die Wes-Kaap gehad, wat 'n werkloosheidsyfer so hoog as 34,9% en 26,3 onderskeidelik tot gevolg gehad het. Alhoewel die tabel hierbo 'n effense afwaartse neiging in werkloosheid aandui, bly dit ver onder die vlakke wat voor die pandemie in die Provinsie ervaar is.<sup>2</sup> In die derde kwartaal van 2022 het die amptelike werkloosheidskoers met 2 persentasiepunte tot 32,9 vanaf 34,9 gedaal as in dieselfde kwartaal in 2021. Positiewe jaar-tot-jaar-beweging word ook in die Oos-Kaap, Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga, Wes-Kaap en Limpopo waargeneem. Die Wes-Kaap het die tweede grootste verhoging van 3% in die werkloosheidsyfer aangeteken.<sup>3</sup> Die Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig 2022/23 dui aan dat 'in die eerste kwartaal van 2022, indiensnemingsvlakke in die Wes-Kaap steeds 8,1 persent laer was as die voor-pandemievlak'.

Armoede en werkloosheid beïnvloed steeds burgers se lewensomstandighede. As gevolg van hul ligging bevind munisipaliteite hulself in 'n posisie waar hulle toenemende eise vir dienslewering in die gesig staar. Die rede hiervoor is omdat burgers die regering as 'n enkele entiteit beskou en van plaaslike raadslede verwag om verantwoordelikheid te aanvaar vir aangeleenthede wat nie hul wetlike verantwoordelikheid is nie. Terwyl munisipaliteite sukkel om hulpbronne te vind om dienslewering te versterk, verkrummel infrastruktuur steeds weens veroudering en vandalisme. Om infrastruktuuruitdagings op te los vereis 'n gesamentlike poging van alle belanghebbendes,

insluitend gemeenskappe, aangesien die vervanging van infrastruktuur baie duur is.

As gevolg van die finansiële beperkings waarmee munisipaliteite te kampe het, sal 'n toename in die aantal werklose mense negatiewe implikasies vir munisipaliteite inhou. Dit kan lei tot 'n toename in die aantal behoeftige huishoudings wat dalk nie vir munisipale tariewe en dienste kan betaal nie en wat munisipaliteite moet subsidieer. Munisipaliteite se volhoubaarheid is grootliks afhanklik van inwoners se vermoë om vir munisipale dienste te betaal.

'n Bykomende kwessie is die regering se behoefte om burgers by dienslewering en begrotingsverwante sake te betrek asook om spesiale aandag te skenk aan inisiatiewe om geslagsgebaseerde geweld te bekamp en geslagsgelykheid te bevorder. Die Departement het, in ooreenstemming met die prioriteite van die Wes-Kaapse Regering, 'n verantwoordelikheid om die lewensomstandighede van burgers te verbeter. Die programme wat ingestel gaan word sal op die volgende fokus:

- Verbetering van toegang tot staatsdienste en inligting;
- Bevordering van openbare deelname deur burgers te bemagtig deur middel van burgerlike opvoedingsprogramme;
- Verbetering van basiese dienste deur ondersteuning en monitering van die instellingsinfrastruktuurprogramme wat daarop gemik is om basiese verwante dienste in munisipaliteite te verbeter;

<sup>2</sup> *Statistieke Suid-Afrika, Statistiese vrystelling P0211, Kwartaalike Arbeidsmagopname, Kwartaal 3: 2022, 29 November 2022.*

<sup>3</sup> *Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig 2022/23.*

## Ons Strategiese Fokus

- Verbetering van kommunikasie in munisipaliteite; en
- Instelling van sosio-ekonomiese projekte om die lewensomstandighede van burgers te verbeter.



### Tegnologiese Faktore

Die Vierde Industriële Revolusie (4IR) is 'n nuwe era van ekonomiese ontwirting met merkbare sosio-ekonomiese gevolge vir Suid-Afrika. Die toenemende gebruik van nuwe tegnologieë soos kunsmatige intelligensie, wolkrekenaars, robotika, en gevorderde draadlose tegnologieë bied eindelose geleenthede vir verandering wat die potensiaal het om sosiale en ekonomiese uitdagings aan te spreek. Die verspreiding van digitale tegnologie het, byvoorbeeld, die vermoë om armes te bemagtig deur toegang tot inligting, werksgeleenthede en dienste wat hul lewenstandaard kan verbeter.<sup>4</sup> Vernuwing is die kern van die Vierde Industriële Revolusie, en daar is 'n behoefte om 'n bemagtigende omgewing te skep en die kapasiteit te verbeter sodat voordeel daaruit getrek kan word en noodsaaklike vernuwing gedryf en ondersteun kan word.

Besighede, die regering, onderwys, gesondheidsorg en byna elke aspek van ons lewens word deur tegnologie hervorm en die COVID-19 het die behoefte van die regering om digitale geleenthede te verken, bespoedig. Dit het tot gevolg gehad dat beide ondernemings en die regering tegnologie ontgin en vernuwend maniere gevind het om dienste met behulp daarvan te lewer. Daar is toenemende druk op die plaaslike regering om stelsels en tegnologie vinnig te transformeer en vernuwend digitale aanlynoplossings te vind om diensleweringverpligtinge vir die na-COVID-19-tydperk voort te sit.

Munisipaliteite is op verskillende vlakke van bekwaamheid en as hulle voordeel wil trek uit geleenthede wat met tegnologiese vooruitgang gepaard gaan, sal hulle bystand benodig – beide vir bestuur asook vir die kapasiteitsuitdagings wat hulle ervaar.

Die Departement sal aanhou om munisipaliteite te help om innoverende maniere te vind om tegnologiese vooruitgang te ontgin sodat dienslewering kan verbeter. Oor die volgende MTUR sal die Departement munisipaliteite ondersteun met programme soos:

- Munisipale Databestuur;
- 'n Kennisbestuurstelsel wat monitoring en evaluering (M&E) en die Munisipale prestasiekennisgewingbord insluit;
- Institutionalisering van die Geografies Inligtingstelsel (GIS) en die IKT-bestuur..



### Omgewingsfaktore

Die gevolge van klimaatsverandering en die gepaardgaande finansiële gevolge wat deur die Provinsie ervaar word kan net so verwoestend wees soos onverwagte ontwirtings as gevolg van storms, vloed, brande en droogte. Die onlangse vloed in George getuig daarvan dat die Provinsie aan oorstromings blootgestel kan word as gevolg van die styging in seevlak en swaar storms. Die Provinsie moes boonop in vorige boekjare ten minste een of twee groot brande in 'n jaar hanteer. Die Departement moes derhalwe hulpbronne ontplooi om te verhoed dat dit 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie en die lewens van burgers in die Provinsie het.

Die verskillende rampbestuurstrukture op provinsiale en munisipale vlakke asook nie-regeringsagentskappe kom die afgelope twee dekades voor beduidende uitdagings te staan as gevolg van die evolusie van ramprisiko's.

Die aard van risiko het eerstens in 'n kombinasie van globale klimaatsverandering en swak (of nie-bestaande) hulpbron- en infrastruktuurbestuur ontaard. Die belangrikste gevolge hiervan was ernstige lewens- en eiendomsverlies en skade aan infrastruktuur in gebiede en situasies wat in die verlede relatief vinnig van 'n soortgelyke gebeurtenis sou herstel het. Buitensporige hoeveelhede tyd en hulpbronne moet nou weer aangewend word vir die herstel en rehabilitasie van die betrokke gemeenskap.

Tweedens is die hulpbronne wat noodsaaklik vir die bestuur van rampe aanvaar is, óf in ernstige verval (weens verwaarlosing of finansieringsbeperkings) óf nie meer beskikbaar nie. Dit word aanvaar dat die Nasionale Weermag slegs 'n uiters beperkte aantal hulpbronne kan verskaf om burgerlike rampbestuursowerhede (spesifiek lughulpbronne) by te staan.

Laastens, uitdagings in die regulatoriese omgewing het tot verskeie ernstige nywerheids- en pad-/

<sup>4</sup> Njuguna Ndung'u en Landry Signe, 2020, *Die Vierde Industriële Revolusie en digitalisering sal Afrika in 'n globale kraghuis omskep*.

## Ons Strategiese Fokus

spoorvervoervoorvalle gelei wat aansienlike lewens- en eiendomverlies tot gevolg gehad het asook en skade aan infrastruktuur. Ongereguleerde berging en vervoer van gevaarlike chemikalieë het die potensiaal om tot 'n reeks onverwagte rampe te lei soos ons gesien het met onlangse voorvalle in Beiroet (ammoniumnitraat-ontploffing), Milnerton (Astron Energie-ontploffing) en Boksburg (vloeibare petroleumgas-ontploffing). Daarbenewens ervaar die Provinsie sedert 2020 massiewe onwettige grondbesettings wat, as gevolg van die ligging van die onwettige wonings in hoërisikogebiede, tot die Provinsie se rampriskoblootstelling bydra.

Die Provinsie is dus genoodsaak om toenemend oplossings te beplan en in te stel vir 'n reeks klimaatgevaare en risiko's wat die welstand van inwoners, die ekonomie, sowel as infrastruktuurstelsels bedreig.



### Wetgewende Faktore

Senior bestuurders se aanstelling in munisipaliteite word deur die Wet op Munisipale Stelsels, 2000, geregleer. Die Departement sal voortgaan om ondersteuning te verskaf en die vul van vakatures te monitor asook leiding te gee met betrekking tot die wetgewende voorskrifte van die werwing- en keuringsproses asook bemiddeling van sekondering(e). Waar nie-nakoming bepaal word, sal die Departement die voorgeskrewe prosedure volg om voldoening af te dwing.

Die Plaaslike Regering Munisipale Personeelregulasies en Riglyne kragtens Artikel 72, gelees saam met Artikel 120 van die Plaaslike Regering Munisipale Stelsels Wet, 2000 (Wet 32 van 2000), soos deur die Minister vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake op 20 September 2021 en die Departement van Samewerkende Regering Omsendbrief 12 van 2022 gepromulgeer; verleng die instelling van Hoofstuk 2 en 4 tot 1 Julie 2023. Die Departement, in samewerking met die Departement van Samewerkende Regering en die Vereniging van die Suid-Afrika Plaaslike Regering Wes-Kaap, sal voortgaan om munisipaliteite te ondersteun om vir die instelling gereed te wees.

Die Provinsie se bevoegdhede en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San Sake is aan die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Plaaslike Regering in die Provinsie opgedra. Dit is die Departement se verantwoordelikheid om die

institusionele kapasiteit te verskaf om, onder andere, die wetgewing in werking te stel, die werk van die Kommissie oor Khoi-San-aangeleenthede te monitor, en om die Premier oor die proses te adviseer.

Artikel 106 van die Munisipale Stelselswet, 2000 ('die Stelselswet') vereis dat die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Plaaslike Regering 'n provinsiale ondersoek instel ten opsigte van 'n munisipaliteit in die Wes-Kaap waar (i) hy/sy rede het om te glo dat die munisipaliteit nie 'n statutêre verpligting wat bindend is op daardie munisipaliteit nakom nie, of dat wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke in daardie munisipaliteit voorgekom het of plaasvind; en (ii) hy/sy so 'n ondersoek nodig ag.

Een van die deurslaggewende tekortkominge van die wetgewende raamwerk is dat daar nie voldoende voorsiening gemaak word vir proaktiewe maatreëls vir vroeë opsporing en ingryping in gevalle van munisipale korrupsie en bedrog nie, asook gevalle waar 'n munisipaliteit teëspoed ervaar.

### 8.2 Interne Omgewingsanalise

The Department has a total staff compliment of 376 active posts, of which 97.3 % of the positions were filled as at 31 March 2022, resulting in a vacancy rate of 2.7%.

Program	Aantal aktiewe plasings	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	70	68	2,9
Program 2	244	238	2,5
Program 3	62	60	3,2
<b>Totaal</b>	<b>376</b>	<b>366</b>	<b>2,7</b>

Ná die inwerkingtreding van die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2019 (Wet No. 3 van 2019) op 1 April 2021, het die Premier die bevoegdhede en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San-aangeleenthede aan die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Plaaslike Sake opgedra. Die Wet maak, onder andere, voorsiening vir die erkenning van Khoi-San-gemeenskappe, Khoi-San-takke, senior Khoi-San-leiers en Khoi-San-takhoofde. Verskeie bepalinge van die Wet vereis dat die Departement provinsiale wetgewing en beleid ontwikkel om sekere bepalinge van die Wet in te stel. Die Departement moet ook institusionele kapasiteit ontwikkel om die bepalinge van die Wet tot uitvoering te bring.



## Ons Strategiese Fokus

Die Departement het navorsing, beleid en ontwikkeling van wetgewing asook ondersteuningsdienste aan tradisionele rade geprioritiseer om die instelling van die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (No. 3 van 2019) te bemiddel. Die poste sal op 'n kontraktuele basis gevul word om tyd te gee vir die proses om die toepaslike organisasiestructuur te bepaal. Hierdie funksie sal toegewys word aan Program 4: Tradisionele Institusionele Bestuur wat in werking gestel is.

### 8.3 Ooreenstemming met nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsprioriteite

Die Departement se prioriteite vir die volgende vyf jaar is bepaal volgens nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsprioriteite.

#### 8.3.1 Ooreenstemming met Mediumtermyn Strategiese Raamwerk

Ooreenstemming met die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) moet in die konteks van die Departement in ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Plan van die Wes-Kaapse Regering, soos uiteengesit in die tabel hieronder, verstaan word.

	MTSR Prioriteite	Provinsiale Strategiese Prioriteite	DPR Beleidsingrypings
1	Bou 'n bekwame, etiese en ontwikkelende staat	<ul style="list-style-type: none"> <li>Mobiliteit en ruimtelike transformasie</li> <li>Vernuwing en kultuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesamentlike distriksbenadering (GDB)</li> <li>Burgerkoppelvlak – Ontplooing van burgerlike onderwys</li> <li>Versterking van bestuur en aanspreeklikheid</li> </ul>
2	Ekonomiese transformasie en werkskepping	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkeling en werks</li> <li>Mobiliteit en ruimtelike transformasie</li> <li>Vernuwing en kultuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goeie munisipale bestuur en funksionaliteit</li> <li>Provinsiale Rampbestuursraamwerk – versterking van Munisipale Rampbestuurskapasiteit</li> <li>Bou en instandhouding van infrastruktuur</li> <li>Skep 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese ontwikkeling deur waterhulpbronveerkragtigheid – Droogtereaksie-aksieplan (APDH) en die 15-jaar Wes-Kaapse waterveerkragtigheidsplan (WKWVP). Programme in vennootskap met die DEOT oor die bekendstelling van die Munisipale Energieveerkragtigheidsprogram (MEVP) Vennootskap met die Franse Ontwikkelingsagentskap (FOA) om vernuwing in infrastruktuur te ondersoek vir finansierings- en instellingstrategieë en -modelle</li> </ul>
3	Onderwys, vaardighede en gesondheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bemagtiging van mense</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Versterk burger-koppelvlak – naskoolse sorg met behulp van Thusong-sentrums</li> <li>NAgraadse munisipale internskappe</li> </ul>
4	Verstewing van die maatskaplike loon deur betroubare en gehalte basiese dienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bemagtiging van mense</li> <li>Veilige en samehangende gemeenskappe</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verbeter veiligheid in openbare ruimtes</li> <li>Burger-koppelvlak</li> </ul>

## Ons Strategiese Fokus

	MTSR Prioriteite	Provinsiale Strategiese Prioriteite	DPR Beleidsingrypings
5	Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling en werk</li> <li>• Veilige en samehangende gemeenskappe</li> <li>• Mobiliteit en ruimtelike transformasie</li> <li>• Vernuwing en kultuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (JMMDA)</li> <li>• Burgerkoppelvlak – Ontplooiing van burgerlike onderwys</li> <li>• Versterking van bestuur en aanspreeklikheid</li> <li>• Vennootskap met die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (DBSA) in die befondsing van Infrastruktuur Meesterplanne en Kapitaalbestedingsraamwerke</li> </ul>
6	Sosiale samehorigheid en veilige gemeenskappe	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bemagtiging van mense</li> <li>• Veilige en samehorige gemeenskappe</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versterk burgerskakeling</li> <li>• Gesamentlike distriksbenadering (GDMD)</li> <li>• Versterking van bestuur en aanspreeklikheid</li> <li>• Infrastruktuur Meesterplanne</li> <li>• Geïntegreerde brand- en lewensveiligheidsstrategie</li> </ul>
7	'n Beter Afrika en wêreld	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling en werk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Provinsiale Rampbestuursraamwerk – versterking van Munisipale Rampbestuurskapasiteit</li> <li>• Bou en instandhouding van infrastruktuur</li> <li>• Skepping van 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese ontwikkeling deur veerkragtigheid van waterhulpbronne – Droogtereaksie-aksieplan (APDH) en die 15-jaar Wes-Kaap Waterweerbaarheidsplan (WKWRP)-programme</li> </ul>

### 8.4 Ooreenstemming met belangrike Provinsiale Beleidsprioriteite

#### 8.4.1 Ooreenstemming met die Wes-Kaapse Herstelplan

Die prioriteite van die Departement is in ooreenstemming met die prioriteite van die Wes-Kaapse Regering. Die tabel hieronder dui inisiatiewe aan wat die Departement sal instel.

Prioriteit	Ingryping
<b>Veiligheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewusmakingsveldtogte vir gemeenskappe oor ramprisiko's en migrasiemaatreëls.</li> <li>• Doen risiko- en kwesbaarheidsbeoordelings van risikobelaaide gemeenskappe om die risiko's te bepaal en risikoverminderingstrategieë te ontwikkel.</li> <li>• Ondersteun oprigting van hoëmasbeligting sowel as ablusiegeriewe in sommige informele nedersettings.</li> </ul>
<b>Werk-skepping</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Belegging in infrastruktuur bemiddel wat werkskepping ondersteun deur die Munisipale Infrastruktuur-toekenning.</li> <li>• Geleentheid deur die Gemeenskapswerkprogram geskep.</li> <li>• Program vir volhoubare infrastruktuurontwikkeling en -finansiering.</li> <li>• Watersekuriteit en veerkragtigheid as deel van die Provinsiale Waterweerbaarheidsplan.</li> </ul>
<b>Welstand</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Instelling van Huiswerk-hubs deur die Thusongprogram.</li> <li>• Verbetering van toegang tot staatsdienste deur die Thusong-dienssentrus.</li> </ul>

Die Departement het 'n deurslaggewende koppelvlakrol in munisipaliteite gespeel om die herstelplan op distriksvlak verder aan te vul deur die instelling van positiewe resultate van projekte deur die Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering aangebied. Versterking van die koppelvlak tussen die provinsiale regering en munisipaliteite om verslagdoening aan die Provinsiale Kabinet te vereenvoudig bly van kritieke belang, veral in die konteks van geografiese benadering wat deur die WKR aanvaar is. Die Departement sal voortgaan om 'n belangrike rol te speel om die Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering in die Provinsie in te stel wat die manier waarop die Provinsie funksioneer wesentlik verander het.

## Ons Strategiese Fokus

### 8.4.2 Ooreenstemming met die Provinsiale Strategiese Plan 2020-2025

Die tabel hieronder dui inisiatiewe aan wat die Departement sal instel as sy bydrae tot die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) per fokusarea.

VIP-fokusarea	Inisiatiewe
<b>VIP 1: Veilige en samehangende gemeenskappe</b>	
<b>Fokusarea 3:</b> Verbeterde sosiale samehang en veiligheid van openbare ruimtes	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ondersteun munisipaliteite om straat- en hoëmas-beligting en toesigkameras te installeer.</li> <li>Die Gemeenskapsontwikkelings-werkerprogram sal inligtingsessies en gesprekgeewing verskaf. Uitreiking-, voorspraak- en regslyniese sal gebruik word om gemeenskappe oor hul regte met betrekking tot geslagsgebaseerde geweld in te lig. Die Inisiatief vir Voorkoming en Bewusmaking van dwelmmiddelbruik sal die onderwerp van gesinsgeweld dek.</li> <li>Risiko- en kwesbaarheidsbeoordelings is gedoen om te bepaal watter gemeenskappe in gevaar verkeer en om risikoverminderingstrategieë te ontwikkel.</li> </ul>
<b>VIP 2: Ontwikkeling en werk</b>	
<b>Fokusarea 2:</b> Bou en instandhouding van infrastruktuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ondersteun munisipaliteite om infrastruktuuronderbesteding te verminder en voer medium- tot langtermyn-infrastruktuurbeplanning uit om 'n portefeulje van projekte wat gereed is om in werking gestel te word, te verseker.</li> <li>Ondersteun munisipaliteite om katalitiese ekonomiese infrastruktuurprojekte te bepaal wat aan die onderskeie munisipaliteite se ontwikkeling- en ontwikkelingstrategieë gekoppel is, asook die voorbereiding daarvan.</li> </ul>
<b>Fokusarea 5:</b> Skep 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese ontwikkeling deur veerkragtigheid van hulpbronne	<ul style="list-style-type: none"> <li>Veerkragtigheid in klimaatsverandering: Wes-Kaapse klimaatsveranderingstrategie en SmartAGRI-plan sal ingestel word en ramp- en risikobestuurpraktyke toepas.</li> <li>Verlaging van brandrisiko deur die kartering van hoërisiko-brandgebiede en die instelling van brandvoorkomingstrategieë asook verbetering van die brandweerdienste se kapasiteit.</li> <li>Ontwikkeling van watersekuriteit met 'n 15-jaarplan vir Wes-Kaapse Geïntegreerde Droogte- en Waterreaksie om geleidelik voorsorg te tref vir 'n waterbestande provinsie.</li> <li>Wateraanvullingstrategieë (APDH).</li> </ul>
<b>VIP 3: Bemagtiging van mense</b>	
<b>Fokusarea 3:</b> Jeug en vaardighede (uitbreiding en daarstelling van naskoolse programme)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die gebruik van Thusong-sentrums as 'n platform om veilige ruimtes vir naskoolse programme te verbeter.</li> </ul>
<b>VIP 4: Mobiliteit en Ruimtelike Transformasie</b>	
<b>Fokusarea 4:</b> Verbetering van mense se woonareas	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkeling van meesterplanne vir Infrastruktuur.</li> <li>Help met die ooreenstemming van infrastruktuurbeplanning en instelling.</li> <li>Rookalarmprojek in informele nedersettings.</li> </ul>

## Ons Strategiese Fokus

VIP-fokusarea	Inisiatiewe
<b>VIP 5: Vernuwung en Kultuur</b>	
<b>Fokusarea 3:</b> Geïntegreerde dienslewering	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bemiddel ontwikkeling en instelling van die Geïntegreerde Werkplan en jaarlikse Geïntegreerde Instellingsplan deur die GDB.</li> <li>'n Jaarlikse Geïntegreerde Instellingsplan sal ontwikkel word om uitvoering te gee aan geïntegreerde dienslewering deur die GDB.</li> <li>Optimalisering van die IRB-platforms in die Wes-Kaap en in elke distrik om mede-beplanning, mede-begroting en mede-instelling te verbeter.</li> </ul> <p><b>Bemagtiging van burgers</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkeling en instelling van burgerlike onderwys.</li> <li>Ontwikkeling van handveste vir kliënte/kliëntedienste vir munisipaliteite.</li> </ul>
<b>Fokusarea 4:</b> Bestuurs-transformasie	Versterking en handhawing van Bestuur en Aanspreeklikheid <ul style="list-style-type: none"> <li>Hersiening en rasionalisering van wetgewing en institusionele beleide en prosedures om 'n bemagtigende omgewing vir dienslewering te skep.</li> <li>Opleiding van aangestelde munisipale amptenare.</li> <li>Institusionele kapasiteitsbou om bestuur en aanspreeklikheid op munisipale vlak te versterk en in stand te hou.</li> <li>Kapasiteitsbou en opleiding van raadslede om hul oorsigrol te versterk.</li> <li>Beslissende optrede teen bewerings van bedrog, korrupsie en wanadministrasie.</li> <li>Data- en kennisbestuur wat provinsiale en munisipale besluitneming inlig.</li> </ul>

## Ons Strategiese Fokus

### 8.4.3 Ooreenstemming met die 2023 MTUR vir die provinsiale begroting se tematiese gebiede

Die volgende tabel dui die Departement se inisiatiewe met betrekking tot begrotingsitems aan.

Begrotingstema	DPR-ingrypings
Geslag-responsiewe begroting	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Thusong Uitreike moet belangrike vennote, gegrond op geslag, hê.</li> <li>• Gaan voort om 'Team Juliet'- bekendstelling en integrasie van vrouebrandbestryders – se instelling te ondersteun.</li> <li>• Insluiting van geslagsgebaseerde fokusriteria vir oorweging van projekte vir befondsing deur die Departement.</li> <li>• Voorkeur vir formele en informele opleiding vir vroueraadslede en munisipale amptenare wat deur die Departement aangebied word.</li> <li>• Vertoë aan die Departement van Samewerkende Regering om voorkeur te gee vir bevestiging en akkrediasie aan vroue deelnemers van die Gemeenskapswerkprogram.</li> </ul>
Burger-betrokkenheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bemagtiging deur burgerlike opvoedingsuitreike aan gemeenskappe word, in vennootskap met munisipaliteite en belangrike dienslewering provinsiale regeringsdepartemente, versterk. Voortdurende belegging vir ondersteuning van konvensionele kommunikasiemetodes, asook digitale kommunikasie platforms om aan uiteenlopende gemeenskapsbehoefes te voldoen.</li> <li>• Fokus op infrastruktuurprojekte vir dienslewering wat toegang tot staatsdienste en verbeterde dienslewering aan burgers verseker.</li> </ul>
Klimaatverandering: Begrotings-etikettering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sluit kriteria vir gefokusde klimaatverandering in vir oorweging van projekte vir befondsing deur die Departement.</li> <li>• Die gebruik van die Gesamentlike Distrik- en Metro-benadering (GDMB) vir sensitiewe mede-beplanning, -begroting en -instelling om klimaatverandering op distriksvlak te bemiddel.</li> <li>• Ondersteuning van munisipale elektrisiteitsbeplanning om munisipaliteite te help om energiebestand te word deur te verseker dat die elektrisiteitsnetwerke energie-inname van kleinskaalse energieopwekking en onafhanklike kragprodusente kan behartig.</li> <li>• Die instelling van die 15-jaar Wes-Kaapse Waterveerkragtigheidsplan sal tot 'n waterbestande provinsie bydra.</li> <li>• Ontwikkeling van 'n Volhoubare Infrastruktuur- en Finansieringsfasiliteit (SIDAFF) skep 'n meganisme waardeur finansieringsinstellings in munisipale infrastruktuur kan belê wat die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte sowel as Sosiale, Ekonomiese en Bestuursbeginsels onderskryf.</li> <li>• Ondersteun rampgereedheid en -reaksie vir provinsiale departemente, munisipaliteite en ondernemings in staatsbesit.</li> </ul>
Digitale Transformasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ondersteun die Departement van die Premier om Fase 2 van die Digitale Transformasie-strategie deur Thusong-sentrumbestuurders in te stel en die gemeenskapsontwikkelingwerkers (GOW) op te lei om digitale ambassadeurs te wees, sowel as om opleiding vir robotika en kodering wat aan die Thusong-dienssentrums gekoppel is, aan te bied.</li> <li>• Die Departement skep 'n bemagtigende omgewing deur die IKT-ondersteuning aan munisipaliteite sodat die IKT-bestuur doeltreffend ingestel word. Sodoende is munisipaliteite bevoeg om basiese dienste in funksionele en toepaslike IKT-omgewings te lewer wat sakeprosesse in munisipaliteite kan ondersteun.</li> <li>• Ondersteuning aan munisipaliteite met die GIS as 'n ondersteuningsinstrument vir besluitneming om rampe te bestuur.</li> </ul>

## Ons Strategiese Fokus

---

Deel C

# Meet Ons Prestasie

## Meet Ons Prestasie

### Begrotingsprogramstruktuur

#### Plaaslike Regering Programstruktuur

Administrasie	1.1	Kantoor van die LUR
	1.2	Korporatiewe Dienste
Plaaslike Bestuur	2.1.	Munisipale Administrasie
	2.2.	Openbare deelname
	2.3.	Kapasiteitsontwikkeling
	2.4.	Munisipale prestasiemonitering, Verslagdoening en Evaluering
	2.5.	Diensleweringintegrasie
	2.6.	Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram
Ontwikkeling en Beplanning	3.1.	Munisipale Infrastruktuur
	3.2.	Rampbestuur
	3.3.	Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning
Tradisionele Institusionele Bestuur <sup>5</sup>	4.1	Tradisionele Institusionele Administrasie

### Departementele Impakverklarings en Uitkomst

#### Departementele Impakverklarings

Die Departement het vier impakverklarings geïdentifiseer

<b>Impakverklaring 1:</b>	Hoë-presterende afdeling.
<b>Impakverklaring 2:</b>	'n Doeltreffende, verantwoordbare en instaatstellende plaaslike regering om ekonomiese ontwikkeling en dienslewering te bevorder.
<b>Impakverklaring 3:</b>	Aktiewe burgerskap, minder armoede en verbeterde sosiale welstand.
<b>Impakverklaring 4:</b>	'n Rampbestande Provinsie.

- 5 Die Departement het Program 4, genaamd Tradisionele Institusionele Bestuur, geaktiveer. Die bevoegdheid en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San-sake in die Provinsie is aan die Provinsiale Minister vir Plaaslike Regering toegeken. Vir hierdie doel sal daar van die Departement verwag word om institusionele kapasiteit te skep om hierdie verantwoordelikheid in te stel.
- Die Departement se Begrotingsprogramstruktuur voldoen aan die Nasionale Struktuur vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake met die volgende uitsonderings: Subprogram Munisipale Finansies (Ingevolge program 2: Plaaslike Bestuur) is deel van die Departement Provinsiale Tesourie en Diensleweringintegrasie en Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram. en is bykomend tot die nasionale struktuur: Subprogram Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (onder Program 3: Ontwikkeling en Beplanning) wat aangespreek word deur die Departement Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en Subprogram Ruimtelike Beplanning (onder Program: Ontwikkeling en Beplanning) en aangespreek word deur Departement Omgewing Sake en Ontwikkelingsbeplanning.



## Meet Ons Prestasie

### Departementele Uitkomst

Die volgende is agt departementele uitkomst:

<b>Uitkoms 1:</b>	Goedbestuurde departement wat programme bemagtig om hul mandate te lewer.
<b>Uitkoms 2:</b>	Goedbestuurde munisipaliteite met doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture.
<b>Uitkoms 3:</b>	Data- en kennisbestuursentrum wat besluitneming, beplanning en begrotingstoewysing in plaaslike regering inlig.
<b>Uitkoms 4:</b>	Die voorsiening en instandhouding van infrastruktuur vir infrastruktuurgeleide ekonomiese ontwikkeling.
<b>Uitkoms 5:</b>	Verbeterde koppelvlak tussen die regering en burgers.
<b>Uitkoms 6:</b>	Verligting van armoede.
<b>Uitkoms 7:</b>	Verbeterde geïntegreerde beplanning, begroting en instelling.
<b>Uitkoms 8:</b>	Veiliger, veerkragtige gemeenskappe en volhoubare ontwikkeling.

## Meet Ons Prestasie

### 9. Institusionele Prestasie-inligting

#### 9.1 Program 1: Administrasie

**Doel:** Om algehele bestuur in die Departement in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleide te voorsien.

##### 9.1.1 Subprogram: Korporatiewe Dienste

##### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/ 20	2020/ 21	2021/ 22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/ 24	Jaar 2: 2024/ 25	Jaar 3: 2025/ 26
Goedbeheerde departement wat programme bemagtig om hul mandate te lewer	1. Volvoering aan relevante wetgewende raamwerk vir beplanning/begroting en verslagdoening	1.1 Voldoeningsvlak aan die wetgewende raamwerk vir beplanning en verslagdoening	-	100%	100%	100%	100%	100%	100%
		1.2 Voldoeningsvlak aan finansiële wetgewende raamwerk	-	100%	100%	100%	100%	100%	100%

##### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
1.1	Voldoeningsvlak aan die wetgewende raamwerk vir beplanning en verslagdoening	100%	100%	100%	100%	100%
1.2	Voldoeningsvlak aan finansiële wetgewende raamwerk	100%	100%	100%	100%	100%

# Meet Ons Prestasie

## Program 1

### Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

**Uitkoms 1: 'n Goedbestuurde departement wat programme bemagtig om hul mandate te lewer,** soos in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur vasgelê, is 'n Departementele vereiste om seker te maak dat belastingbetalersgeld gebruik word om die doelwitte van die regering te bereik. Derhalwe is raamwerke vir beplanning, begroting en verslagdoening deur die Nasionale Tesourie en die Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering ontwikkel om seker te maak dat dit doeltreffend en effektief gedoen word. Hierdie raamwerke het ten doel om departemente te lei om goeie bestuur te verseker. 'n Verantwoordbare en bekwame departement is van kernbelang om op die behoeftes van die Provinsie se burgers te reageer. Goeie bestuur is 'n belangrike aanduiding van 'n verantwoordbare en bekwame instelling in Suid-Afrika en word bepaal deur nakoming van verskeie voorskrifte wat beplanning lei, en verslag lewer oor sake soos begrotings en menslike hulpbronne. Dit word verder deur prestasies van ongekwalifiseerde oudits bepaal.

#### Prestasies tot op hede het ingesluit:

- Die Departement het sy negende opeenvolgende ongekwalifiseerde ouditmening sonder bevindinge van die Ouditeur-generaal Suid-Afrika ontvang.
- Die Departement het gemiddeld minstens 97% van sy beplande teikens bereik en meer as 98% van sy toegekende begroting benut.

Die Departement sal voortgaan om oor die MTUR sy stelsels te hersien en te verbeter, om te verseker dat die beste moontlike ondersteuning aan munisipaliteite verskaf word om 'n ontwikkelende plaaslike regering te bevorder wat klem lê op die basiese behoeftes van die gemeenskappe.

### Oorweging van Hulpbronne:

#### Ontleding van bestedingstendense

Die Program se 2023/24-begrotingstoekenning het met 1,87 persent van die hersiene ramings vir die 2022/23-boekjaar afgeneem. Die afname in die 2023/24 finansiële jaar is hoofsaaklik te wyte aan die bykomende fondse wat in 2022/23 finansiële jaar vir die IT-opknapping vir die Gemeenskapsontwikkelingswerkersprogram toegeken is. Verder maak die begroting voorsiening vir die operasionele vereistes, vulling van vakante poste sowel as die Vergoeding van Werknemers (VvW) vir salarisvlakke 1-16.

Goedere en dienste het met 7,20 persent gedaal en dit word aan die herbelyning van die Gesamentlike Distrik- en Metrobenaderingtoewysing van Program 1 na Program 2 vir dieselfde doel toegeskryf, asook die vermindering in koste vir vlootdienste.

Die afname van 25,83 persent op betaling vir kapitaalbates hou verband met die bykomende fondse wat in die 2022/23 finansiële jaar vir die IT-toerusting toegewys is, soos verbind in die 2021/22 finansiële jaar, maar wat nie voor jaareinde betaal kon word nie.

# Meet Ons Prestasie

## Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof- toewysing 2022/23	Aan- gepaste bewillig- ing 2022/23	Hersiene beraming 2022/23	Mediumtermyn beraming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2023/24	% Ver- andering vanaf Hersiene beraming 2022/23	2024/25	2025/26
	2019/20	2020/21	2021/22							
2. Korporatiewe Dienste	47 027	51 754	50 589	54 008	54 826	54 481	53 463	(1.87)	55 649	57 026
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>47 027</b>	<b>51 754</b>	<b>50 589</b>	<b>54 008</b>	<b>54 826</b>	<b>54 481</b>	<b>53 463</b>	<b>(1.87)</b>	<b>55 649</b>	<b>57 026</b>

## Opsomming van betalings en ramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoof- toewysing 2022/23	Aan- gepaste bewillig- ing 2022/23	Hersiene beraming 2022/23	Mediumtermyn beraming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2023/24	% Ver- andering vanaf Hersiene beraming 2022/23	2024/25	2025/26
	2019/20	2020/21	2021/22							
<b>Huidige betalings</b>	43 156	47 075	44 935	48 648	48 782	48 437	49 000	1.16	50 758	51 897
Vergoeding van werknemers	30 784	33 352	34 760	37 447	36 297	36 100	37 551	4.02	38 868	39 501
Produkte en dienste	12 372	13 723	10 175	11 201	12 485	12 337	11 449	(7.20)	11 890	12 396
<b>Oordragte en subsidies</b>	59	37	57	6	52	52	6	(88.46)	6	6
Departementele agentskappe en rekeninge	3	3	6	6	6	6	6		6	6
Huishoudings	56	34	51		46	46		(100.00)		
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>		4 640	5 594	5 305	5 943	5 943	4 408	(25.83)	4 786	5 020
Masjinerie en toerusting	3 782	4 640	5 594	5 305	5 943	5 943	4 408	(25.83)	4 786	5 020
<b>Betalings vir finansiële bates</b>		2	3	49	49	49	49		99	103
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>47 027</b>	<b>51 754</b>	<b>50 589</b>	<b>54 008</b>	<b>54 826</b>	<b>54 481</b>	<b>53 463</b>	<b>(1.87)</b>	<b>55 649</b>	<b>57 026</b>

## Meet Ons Prestasie

### 9.2 Program 2: Plaaslike Bestuur

**Doel:** Om lewensvatbare en volhoubare ontwikkelingsgerigte plaaslike bestuur en geïntegreerde en volhoubare beplanning te bevorder asook deelname deur die gemeenskap aan ontwikkelingsprosesse

#### 9.2.1(a) Subprogram: Munisipale Administrasie: Munisipale Bestuur

**Doel:** Om bestuurs- en ondersteuningsdienste aan plaaslike regering in 'n regulatoriese raamwerk te verskaf.

##### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
Goed-bestuurde munisipaliteite deur doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture.	2.1 Munisipaliteite wat aan toepaslike wetgewing en bestuursvoorskrifte voldoen.	2.1.1(a) Aantal wetgewing-ontwikkelingsinisiatiewe wat ingestel is <sup>6</sup>	6	4	4	4	4	4	4
		2.1.2(a) Aantal senior bestuursaanstellings ooreenkomstig wetlike voorskrifte gedoen.	19	14	21	30	15	15	15
		2.1.3(a) Aantal beoordelings van Munisipale Openbare Rekeningkomitees (KOR's) gedoen.	11	10	10	10	10	10	10
		2.1.4(a) Gedrag-skode-gevalle beoordeel om nakoming van wetgewing te verseker.	6	0	1	6	10	6	6
		2.1.5(a) Aantal regsondersteuningsinisiatiewe wat aan munisipaliteite verskaf is om munisipale bestuur te versterk.	5	9	5	8	8	8	8

<sup>6</sup> Nota van toepassing op aanwysers 2.1.1, 2.1.2 en 2.1.4: (Die finale uitset kan verskil van die beplande teiken aangesien hierdie aanwysers vraagedrewe is)

## Meet Ons Prestasie

### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.1.1(a)	Aantal wetgewing-ontwikkelingsinisiatiewe wat ingestel is	4	-	-	-	4
2.1.2(a)	Aantal senior bestuursaanstellings ooreenkomstig wetlike voorskrifte gedoen.	15	-	-	-	15
2.1.3(a)	Aantal beoordelings van Munisipale Openbare Rekeningkomitees (KOR's) gedoen.	10	-	-	-	10
2.1.4(a)	Gedragkode-gevalle beoordeel om nakoming van wetgewing te verseker.	10	-	-	-	10
2.1.5(a)	Aantal regsondersteuningsinisiatiewe wat aan munisipaliteite verskaf is om munisipale bestuur te versterk.	8	-	-	-	8

### Voorgeskrewe Sektoraanwysers: Jaarlikse teikens 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teikens						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
<b>SPI:1</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om aan die MSW-regulasies vir die aanstelling van senior bestuurders te voldoen (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1).	30	29	30	30	30	30	30
<b>SPI:2</b>	Aantal munisipaliteite wat gemonitor word oor die mate waarop teenkorrupsie-maatreëls ingestel word (Gekoppel aan MTSR 2019-2024, Prioriteit 1).	30	30	30	30	30	30	30

### Sektoraanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:1</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om aan die MSW-regulasies vir die aanstelling van senior bestuurders te voldoen (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1).	30	-	-	-	30
<b>SPI:2</b>	Aantal munisipaliteite wat gemonitor word oor die mate waarop teenkorrupsie-maatreëls ingestel word (Gekoppel aan MTSR 2019-2024, Prioriteit 1).	30	-	-	-	30

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.1(b) Subprogram: Munisipale Administrasie: Deskundige Ondersteuning

**Doel:** Om bestuurs- en ondersteuningsdienste aan plaaslike regering in 'n regulatoriese raamwerk te verskaf.

#### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
Goed-bestuurde munisipaliteite deur doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en Bestuursstrukture	2.1.1(b) Evaluerings en ondersoeke na bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke en geregverdigde of vereiste formele provinsiale ingrypings ingevolge Artikel 139 van die Grondwet.	2.1.1(b) Kwartaallikse verslae van evaluerings en ondersoeke na bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke.	4	4	4	4	4	4	4
		2.1.2(b) Jaarverslag oor geregverdigde formele provinsiale ingrypings of soos ingevolge Artikel 139 van die Grondwet vereis.	1	1	1	1	1	1	1

#### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.1.1(b)	Kwartaallikse verslae van evaluerings en ondersoeke na bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke.	4	1	1	1	1
2.1.2(b)	Jaarverslag oor geregverdigde formele provinsiale ingrypings of soos ingevolge Artikel 139 van die Grondwet vereis.	1	-	-	-	1

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.2 Subprogram: Openbare Deelname

**Doel:** Om die koppelvlak tussen die regering en burgers te versterk vir maksimum dienslewering deur openbare deelname.

#### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Outcome	Outputs	Output Indicators	Annual Targets						
			Audited/Actual Performance			Estimate Performance	MTEF Period		
			2019/20	2020/21	2021/22	Current 2022/23	Year 1: 2023/24	Year 2: 2024/25	Year 3: 2025/26
Verbeterde koppelvlak tussen regering en burgers.	2.2(a) Aksies ingestel, gemonitor en ondersteun om burgerskakeling te verbeter.	2.2.1(a) Aantal ondersteuningsaksies om burgerskakeling te verbeter.	5	5	5	6	6	5	5
		2.2.2(a) Aantal munisipaliteite wat met kommunikasieprogramme	28	30	18	30	24	24	24
Well governed municipalities through efficient and effective oversight, capacity-building, and governance structures.	2.2(b) Aksies ingestel en ondersteun om Geslags-hoofstroming en Menseregte in munisipaliteite te verbeter	2.2.1(b) Aantal ondersteuningsaksies om Geslags-hoofstroming en Menseregte in munisipaliteite te verbeter.	3	3	3	3	4	4	4

#### Aanwysers, jaarlikse en kwartaalike teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.2.1(a)	Aantal ondersteuningsaksies om burgerskakeling te verbeter.	6	1	2	-	3
2.2.2(a)	Aantal munisipaliteite wat met kommunikasieprogramme	24	-	5	10	9
2.2.1(b)	Aantal ondersteuningsaksies om Geslagshoofstroming en Menseregte in munisipaliteite te verbeter.	4	-	2	-	2



## Meet Ons Prestasie

### Voorgeskrewe Sektoraanwysers: Jaarlikse teikens 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teikens						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
<b>SPI:3</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele wykskomitees in stand te hou (Gekoppel aan MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) <sup>7</sup>	24	24	24	24	24	24	24
<b>SPI:4</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om deelname aan gemeenskapsgebaseerde plaaslike bestuursprosesse te bevorder (Prioriteit 1: Bekwame, Etiese en Ontwikkelende Staat) (Prioriteit 6 MTUR-aanwyser: Sosiale samehorigheid en veiliger gemeenskappe).	-	-	2	2	3	3	3
<b>SPI:5</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om gemeenskapskwessies op te los.	1	5	1	1	1	1	1
<b>SPI:6</b>	Aantal werksgeleenthede deur die Gemeenskapswerkprogram aangemeld (GWP) (MTSR 2019-2024, Prioriteit 2).	-	-	16 144	17 700	17 700	17 700	17 700

### Sektoraanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:3</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele wykskomitees in stand te hou (Gekoppel aan MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	24	5	10	5	4
<b>SPI:4</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om deelname aan gemeenskapsgebaseerde plaaslike bestuursprosesse te bevorder (Prioriteit 1: Bekwame, Etiese en Ontwikkelende Staat) (Prioriteit 6 MTUR-aanwyser: Sosiale samehorigheid en veiliger gemeenskappe).	3	-	-	-	3
<b>SPI:5</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om gemeenskapskwessies op te los.	1	-	-	-	1
<b>SPI:6</b>	Aantal werksgeleenthede deur die Gemeenskapswerkprogram aangemeld (GWP) (MTSR 2019-2024, Prioriteit 2).	17 700	17 700	17 700	17 700	17 700

<sup>7</sup> Hierdie aanwyser sal gedek word deur projekte wat onder die provinsiale aanwyser ressorteer (Aantal ondersteuningsaksies om die burgerkoppelvlak te verbeter)

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.3 Subprogram: Kapasiteitsontwikkeling

**Doel :** Om munisipaliteite in staat te stel om doeltreffende dienste te lewer.

#### Uitkomste, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/ 20	2020/ 21	2021/ 22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/ 24	Jaar 2: 2024/ 25	Jaar 3: 2025/ 26
Goed-bestuurde munisipaliteite deur doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture	2.3 Kapasiteitsboustrategieë in munisipaliteite vir verbeterde dienslewering ingestel	2.3.1 Aantal programme wat ingestel is om die kapasiteit van munisipaliteite te verbeter.	1	3	3	3	3	3	3
		2.3.2 Monitor voldoening aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.	-	1	1	1	1	1	1
		2.3.3 Aantal opleidings- en ontwikkelingsprogramme wat in munisipaliteite ingestel is.	3	3	3	3	2	2	2

#### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.3.1	Aantal programme wat ingestel is om die kapasiteit van munisipaliteite te verbeter.	3	-	-	-	3
2.3.2	Monitor voldoening aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.	1	-	-	-	1
2.3.3	Aantal opleidings- en ontwikkelingsprogramme wat in munisipaliteite ingestel is.	2	-	-	-	2

## Meet Ons Prestasie

### Voorgeskrewe Sektoraanwysers: Jaarlikse teikens 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teikens						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2019/ 20	2020/ 21	2021/ 22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/ 24	Jaar 2: 2024/ 25	Jaar 3: 2025/ 26
<b>SPI:7</b>	Aantal kapasiteitsbou-ingrypings in munisipaliteite (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5). <sup>8</sup>	1	3	3	3	3	3	3
<b>SPI:8</b>	Aantal munisipaliteite wat leiding ontvang het om aan die MEBW te voldoen (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B Pilaar 4).	25	25	25	25	25	25	25
<b>SPI:9</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om die prestasiebestuurstelsel (PBS) te institusionaliseer (gekoppel aan MTSR 2019-2024, prioriteit 1).	4	4	4	4	4	4	4
<b>SPI:10</b>	Aantal munisipaliteite wat hulpbehoewende beleide inestel het, gemonitor (Sub-uitkoms 1) (B2B Pilaar 2).	6	6	4	4	4	4	4

### Sektoraanwysers, jaarlikse en kwartaalike teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:7</b>	Aantal kapasiteitsbou-ingrypings in munisipaliteite (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5).	3	-	-	-	3
<b>SPI:8</b>	Aantal munisipaliteite wat leiding ontvang het om aan die MEBW te voldoen (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B Pilaar 4).	25	25	25	25	25
<b>SPI:9</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om die prestasiebestuurstelsel (PBS) te institusionaliseer (gekoppel aan MTSR 2019-2024, prioriteit 1).	4	-	-	2	2
<b>SPI:10</b>	Aantal munisipaliteite wat hulpbehoewende beleide inestel het, gemonitor (Sub-uitkoms 1) (B2B Pilaar 2).	4	-	-	2	2

<sup>8</sup> Hierdie aanwyser is direk aan die Provinsiale aanwyser gekoppel (Aantal programme wat ingestel is om die kapasiteit van munisipaliteite te verbeter)

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.5 Subprogram: Munisipale Prestasiemonitering, Verslagdoening en Evaluering

**Doel:** Om munisipale prestasie te monitor en te evalueer.

#### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
Data- en Kennisbestuur-sentrum wat besluit-neming, beplanning en begrotings-toekennings in plaaslike regering inlig.	2.4 Departementele en Munisipale Data-bewaar-plek.	2.4.1 'n Enkele bewaarplek vir bestuur en verspreiding van inligting met betrekking tot munisipaliteite wat gestig is.	-	2	Ont-wikkeling van 'n enkele data-bewaar-plek.	Aantal programme ingestel om die IKT in die munisipale ruimte in te stel	Instelling van 'n enkele databewaarplek		
		2.4.2 Aantal verslae geproduseer wat insig verskaf oor munisipale status en funksionering.	-	2	4 Status-verslae.	4 Status Reports	4	4	4
		2.4.3 Aantal programme ingestel om die GIS in die munisipale ruimte te institusione-liseer.	-	2	2 GIS-pro-gramme ingestel.	1. Die Munisipale GIS-projek ingestel. 2. Ondersteun munisipaliteite om die GIS te institusione-liseer	2	2	2
		2.4.4 Aantal programme ingestel om die IKT in die munisipale ruimte in te stel.	3	2	2 IKT-pro-gramme ingestel	1. Stel die IKT-onder-steunings-projek in 2. Die Munisipale IKT-forum	2	2	2

## Meet Ons Prestasie

### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.4.1	'n Enkele bewaarplek vir bestuur en verspreiding van inligting met betrekking tot munisipaliteite wat gestig is.	Instelling van 'n enkele databewaarplek	-	-	-	Instelling van 'n enkele databewaarplek
2.4.2	Aantal verslae geproduseer wat insig verskaf oor munisipale status en funksionering.	4	1	1	1	1
2.4.3	Aantal programme ingestel om die GIS in die munisipale ruimte te institusionaliseer.	2	-	-	1	1
2.4.4	Aantal programme ingestel om die IKT in die munisipale ruimte in te stel.	2	-	1	-	1

### Voorgeskrewe Sektoraanwysers: Jaarlikse teikens 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teikens						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
<b>SPI:11</b>	Aantal Artikel 47-verslae saamgestel soos deur die MSR voorgeskryf (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5)	1	1	1	1	1	1	1

### Sektoraanwysers, jaarlikse en kwartaallikse teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:11</b>	Aantal Artikel 47-verslae saamgestel soos deur die MSR voorgeskryf (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5)	1	-	-	1	-

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.6 Subprogram: Diensleweringintegrasie

**Doel:** Om die Thusongprogram te bestuur en samewerkende regering tussen die drie sferes van regering te ondersteun.

#### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/ 20	2020/ 21	2021/ 22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/ 24	Jaar 2: 2024/ 25	Jaar 3: 2025/ 26
Verlaging van armoede	2.5(a) Geleenthede geskep deur die Thusong-program.	2.5.1(a) Sosio-ekonomiese projekte bemiddel.	-	2	4	4	4	4	4
	2.5(b) Effektiewe Thusong-program	2.5.1(b) Aantal dienste deur die Thusong-program verkry.	1 303 141	337 682	1 386 856	1 300 000	1 300 000	1 300 000	1 300 000
		2.5.2(b) Ondersteun aksies om doelt-reffende funksionering van die Thusong-program te verseker.	4	2	4	4	4	4	4
Verbeter Geïntegreerde beplanning, begroting en instelling.	2.5(c) Funksionele platforms vir interregering-betrekkinge (IRB).	2.5.1(c) Ondersteun aksies om platforms vir distriks-interregering-betrekkinge (IRB) te verbeter.	2	3	4	3	3	3	3
		2.5.2(c) Ondersteun aksies om platforms vir Provinsiale Inter-regering-betrekkinge (IRB) te verbeter	-	4	4	4	4	4	4

## Meet Ons Prestasie

### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallike teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.5.1(a)	Sosio-ekonomiese projekte bemiddel.	4	-	-	-	4
2.5.1(b)	Aantal dienste deur die Thusongprogram verkry.	1 300 000	-	-	650 000	650 000
2.5.2(b)	Ondersteun aksies om doeltreffende funksionering van die Thusongprogram te verseker.	4	-	-	-	4
2.5.1(c)	Ondersteun aksies om platforms vir distriks-interregeringbetrekkinge (IRB) te verbeter.	3	-	1	1	1
2.5.2(c)	Ondersteun aksies om platforms vir Provinsiale Inter-regeringbetrekkinge (IRB) te verbeter	4	1	1	1	1

## Meet Ons Prestasie

### 9.2.7 Subprogram: Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram

**Doel:** Om inligting aan gemeenskappe te voorsien om toegang tot staatsdienste te verkry en om gemeenskapstoegang tot sosio-ekonomiese geleenthede te bemiddel.

#### Uitkomst, Uitset, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	Huidige 2022/23	Jaar 1: 2023/24	Jaar 2: 2024/25	Jaar 3: 2025/26
Verlaging van armoede.	2.6 Geleenthede deur die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram geskep.	2.6.1 Regerings-inisiatiewe om sosiale welstand te verbeter.	15	5	5	5	5	5	5
		2.6.2 Inisiatiewe om die informele ekonomie te ondersteun.	5	4	4	4	4	4	4

#### Aanwysers, jaarlikse en kwartaalike teikens vir 2023/24

Uitset-aanwysers		Jaarlikse teiken	V1	V2	V3	V4
2.6.1	Regerings-inisiatiewe om sosiale welstand te verbeter.	5	-	-	-	5
2.6.2	Inisiatiewe om die informele ekonomie te ondersteun.	4	-	-	-	4

### Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

#### Uitkoms 2: Munisipaliteite wat deur doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture goed bestuur word

Die Plaaslike regering se mandaat, soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is om ontwikkelende plaaslike regering te bevorder wat op die basiese behoeftes van die gemeenskappe wat dit dien, moet fokus.<sup>9</sup> Plaaslike regering se dienslewering word blootgelê aangesien hy die naaste sfeer aan gemeenskappe is en dus daarna streef om hierdie mandaat te vervul deur te organiseer, besluite te neem en sy funksies volgens die voorgeskrewe wetgewende raamwerke uit te voer.

Geskiedenis het bewys dat baie van die groot bestuurs- en leweringuitdagings wat munisipaliteite in die gesig staar, nie soseer uit tegniese tekortkominge spruit nie,

maar uit mislukkings wat aan bestuur toegeskryf kan word. Talle konflikte en misverstande spruit boonop uit die interpretasie van die wetgewende en regulatoriese raamwerk van munisipaliteite.

Hierdie uitkoms is op die oortuiging gegrond dat die noodsaaklike komponente van bestuur, naamlik om 'n instelling te rig, lei en beheer, respek het vir reëls en regulasies wat die legitimiteit daarvan aan die hoogste reg van die land ontleen. 'n Getransformeerde en effektiewe plaaslike regeringstelsel vereis ook sterk leierskap met 'n duidelike langtermynstrategie en aanspreeklikheid teenoor gemeenskappe. Institusionele kapasiteit wat voortdurend versterk moet word, is noodsaaklik vir bestuur, en stelsels en strukture moet ingestel en periodiek hersien word om by veranderende toestande en omstandighede aan te pas. Vir hierdie doel het die Departement saam met verskeie vennote gewerk

<sup>9</sup> Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996): Hoofstuk 7.



## Meet Ons Prestasie

om opleiding en adviesdienste aan munisipaliteite te verskaf. Die Departement se prioriteit is om oor die Mediumtermyn Uitgawe Raamwerk na verbetering te streef.

Die Departement sal volhard om 'n samewerkende benadering te gebruik en nou saam met munisipaliteite te werk om praktiese oplossings vir bestuursuitdagings te vind. Die doel is om bestuur en aanspreeklikheid te versterk en te handhaaf, sodat goedbestuurde munisipaliteite tot 'n doeltreffende, verantwoordbare en instaatstellende plaaslike regering sal lei wat ekonomiese ontwikkeling en dienslewering sal bevorder.

### Ingrypings tot op hede het ingesluit;

- Leiding en ondersteuning vir verkiesings in Plaaslike regerings voor- en na 2021 wat die ontplooiing van senior bestuurders by eerste vergaderings, regsadvies en hulptoonbankondersteuning ingesluit het,
- Ondersteuning is verleen om poste te vul en 'n gladde oorgang te verseker met leiding om die wetgewende voorskrifte van die werwing- en keuringsproses asook bemiddeling van sekondasies na te kom,
- Ontwikkeling en hersiening van die relevante wetgewing,
- Kapasiteitsbou deur opleiding en mentorskap van beide raadslede en amptenare, en
- Opleidingsgeleenthede.

Al hierdie pogings was daarop gerig om goeie bestuur na afloop van die plaaslike regeringsverkiesings te handhaaf.

### Uitkoms 3: Data- en Kennisbestuursentrum wat besluitneming, beplanning en begrotingstoewysing in plaaslike regering inlig

Plaaslike regering se beplannings- en verslagdoeningsprosesse word deur 'n ingewikkelde stel wetgewende en regulatoriese raamwerke beheer. Die gevolglike wetgewende vereiste om verskillende stelle verslagdoeningsdokumente aan verskillende staatsorgane te lewer is lastig en plaas druk op munisipaliteite sowel as hul ondersteuners. Die Departement het tot die besef gekom dat as deel van sy moniteringsfunksie van munisipaliteite oor die jare, 'n Departementele Data- en Kennisbestuursentrum noodsaaklik is om sy besluitnemingsvermoë te verbeter.

Die doel van hierdie inisiatief is om optimale gebruik van geloofwaardige data in die Departement te verseker

en 'n kultuur van data-gedrewe besluitneming te bevorder. Die projek sal op databestuur fokus, sowel as die insameling, versameling en verwerking van data uit verskeie bronne om sodoende die beplanning, begroting en ondersteuning wat aan munisipaliteite verskaf word, te verbeter.

Boonop sal dit verseker dat die Departement se Institusionele Kennis en Geheue bewaar word sodat gespesialiseerde kennis nie by vertrek van personeel verlore gaan nie. Gegewe die verskeie vennote wat in die munisipale ruimte werk sowel as die binne die grense van die Gesamentlike Distrikbenadering, sal kennisbestuur verbeterde samewerking bemiddel aangesien alle belanghebbendes vanaf 'n gemeenskaplike platform sal werk.

Die rasionaal van hierdie uitkoms is om doeltreffendheid, effektiwiteit en vernuwing van diegene wat in die plaaslike regeringsruimte werk, te bevorder. Die Departement sal deur die optimale gebruik van data in staat wees om proaktief uitdagings in munisipaliteite te bepaal en sodoende die Departement toerus om toepaslike ondersteuning te verskaf.

### Ingrypings het tot op hede die volgende ingesluit:

- Vestiging en instelling van 'n enkele bewaarplek om munisipale inligting te bestuur en versprei;
- Monitering en verslagdoening oor munisipaliteite se status en funksionering;
- Institutionaliserings van Geografiese Inligtingstelsels (GIS) in die munisipale ruimte; en
- Ondersteuning om die Inligting- en Kommunikasietegnologie-bestuur (IKT) van munisipaliteite te institutionaliseer.

### Uitkoms 5: Verbeterde koppelvlak tussen regering en burgers

Dit word wêreldwyd aanvaar dat die koppelvlak tussen 'n regering en sy burgers regeringsreaksie versterk en burgerlike betrokkenheid verdiep. In Suid-Afrika is dit 'n belangrike aspek van demokrasie en regering.

Die Departement het munisipaliteite oor die jare ondersteun om wykskomitees in te stel wat burgerlike deelname aan die besluitnemingsprosesse van munisipaliteite bevorder het. Dit sluit die vertaling van die wykskomiteehandboek in Braille in wat in al drie die amptelike tale van die Wes-Kaap verskyn, met die doel om siggestremde individue 'n geleentheid te bied om aan wykskomitees deel te neem.

## Meet Ons Prestasie

Die Departement het na die 2021 plaaslike regeringsverkiezing op ondersteuning van programme wat beter kommunikasie tussen die regering en gemeenskappe sal verseker gefokus. Hierdie programme wissel van openbare deelname en/of wykskomiteebeleide, wyke se operasionele planne, en burgerlike opvoeding oor openbare deelname. Die doel is om burgers te bemagtig sodat hulle die noodsaaklikheid om deel te neem aan besluitneming in hul onderskeie munisipaliteite verstaan.

### **Ingrypings, tot op hede, het die volgende ingesluit;**

- Munisipale ondersteuning deur die instelling en funksionaliteit van wykskomitees;
- Programme vir burgerbemagtiging in openbare onderwys;
- Munisipale ondersteuning deur ontwikkeling/hersiening van Dienshandveste;
- Munisipale ondersteuning wat 'n verskeidenheid kommunikasieprogramme bevat;
- Munisipale ondersteuning en leiding oor gender-hoofstroomprogramme; en
- Munisipale ondersteuning deur die instelling van die Gemeenskapswerkprogram (GWP).

### **Uitkoms 6: Verlaging van armoede**

Die Departement het munisipaliteite oor die jare op verskeie maniere ondersteun deur met belanghebbendes in gemeenskappe saam te werk om volhoubare maniere te vind om hul lewensomstandighede en lewenskwaliteit te verbeter. Die onderliggende rede was dat armoede steeds die inkomstegroei van munisipaliteite belemmer en dat dit ook terselfdertyd dieselfde ontwikkeling ondermyn wat die munisipaliteit poog om in gemeenskappe te bevorder. Deur die Thusong- en die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogramme in te stel het dit duidelik geword dat mense twee belangrike hulpbronne, naamlik inligting en toegang tot staatsdienste kan gebruik om armoede te beveg. Die Departement se bydrae om armoede te verlaag is derhalwe daarop gemik om burgers se toegang tot staatsdienste te verbeter – om dit nader aan inwoners te bring en om aan hulle inligting te verskaf oor geleenthede om hul lewensomstandighede te verbeter.

### **Ingrypings het, tot op hede, die volgende ingesluit:**

Die Thusongprogram het sy fokus uitgebrei om spilpunte te word om armoede te verlaag, werkseleenthede te skep en gemeenskapsontwikkeling uit te brei. Dit behels die

gebruik van Thusong-dienssentrums om kapasiteitsbou en kleinskaalse ekonomiese ontwikkelingsprojekte in te stel. Verder het die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram gemeenskappe gehelp om selfstandig te word deur kleinskaalse ekonomiese geleenthede te skep.

Die Departement gaan deur middel van die Thusongprogram voort met vernuwing om burgers se toegang tot dienste te verbeter. Om tred te hou met die 4de Industriële Revolusie was die Departement aan die voortou deur met belangrike organisasies wat robotika en koderingsprogramme bemiddel saam te werk om kapasiteit en jongmense se vaardighede te ontwikkel.

Tydens die jaarlikse Thusongweek het die Departement hommeltuigtegnologie bekendgestel as instrument om met burgers in Op Die Berg in die Witzenberg Munisipaliteit te kommunikeer. Afgesien van die verskeie regeringsdienste wat tentoongestel is, is die Thusong Uitreike vir inenting teen die COVID-19 gebruik.

Ná die plaaslike regeringsverkiezing het die Departement 'n geakkrediteerde wykskomitee in werking gestel, naamlik 'n Induksiekursus, Rig-die-Afrigter-af, (NKR-vlak 5) wat spesifiek op amptenare betrokke by die munisipale openbare deelnameproses gerig is. Die doel van die opleiding was om munisipale amptenare te bemagtig en met opleiding en bemiddelingsvaardighede toe te rus wat hulle bemagtig om kapasiteitsbou en opleiding van hul onderskeie wykskomitees te koördineer en te bemiddel.

Munisipaliteite is ondersteun om wykskomitees aan te stel. Van belang is die Overstrand en Prins Albert Munisipaliteite wat die eerste twee munisipaliteite in die land was wat hul wykskomitees na die 2021 plaaslike regeringsverkiezings gestig het.

Die ontplooiing van die Burgerlike Onderwysprojek van die Departement is een van die belangrike ondersteuningsprogramme aan munisipaliteite. Die hoofdoel van die projek is om gemeenskappe te bemagtig deur hulle van hul regte en verantwoordelikhede rakende munisipale besluitnemingsprosesse bewus te maak en die rol wat hulle behoort te speel om munisipale besluitneming te beïnvloed.

# Meet Ons Prestasie

## Hulpbronorwegings vir Program

### Opsomming van betalings en ramings - Program 2: Plaaslike Bestuur

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof- toewysing	Aan- gepaste bewilling- ing	Hersiene beraming	Mediumtermyn beraming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2023/24	% Ver- andering vanaf Hersiene beraming	2024/25	2025/26
	2019/20	2020/21	2021/22							
1. Munisipale administrasie	10 850	10 888	16 366	17 021	16 729	16 324	<b>17 323</b>	6.12	18 522	18 756
2. Openbare deelname	10 301	9 184	9 907	11 697	11 585	11 585	<b>11 785</b>	1.73	12 139	12 392
